
# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (46/15)

justchad_cga

*Justin Chadwick 4 Desember 2015*


***GESEGDE VAN DIE WEEK "Men occasionally stumble over the truth, but most of them pick themselves up and hurry off as if nothing ever happened" Winston Churchill***


## OORSIG 2015: POMELO'S




Rooi Lyn - 2014; Blou Stawe/kolomme - 2015
Volume – 17 Kg kartonne
Week 14 tot 37
Produsente se inisiatief (Taste Company) om die piek te verminder en om verpakking te versprei het vrugte afgewerp want opbrengste was meer gunstig in 2015 in vergelyking met die vorige jaar. Daarbenewens het die finale syfer van wat gepak is (13.9 miljoen kartonne) 2014 (13.2 miljoen) oorskry, asook die aanvanklike skatting (13.5 miljoen).

Die bestemming van uitvoer vir pomelo's was soortgelyk as in 2014, met die meeste van die vrugte wat na die EU gegaan het. Die % uitvoere na Japan het effens afgeneem (alhoewel dit steeds rondom die 3 miljoen karton vlak gebly het). Volumes na China het toegeneem (van 900 000 kartonne na 1.4 miljoen).




Een mark wat uitgestaan het in terme van addisionele volumes, is Suid-Korea. Suid-Afrika het toegang vir pomelo's na die Suid-Koreaanse mark in 2013 verkry; teen 2015 is amper 1 miljoen kartonne na hierdie mark uitgevoer.

## RUSLAND VERBAN SEKERE VRUGTE VANAF TURKYE

Rusland het verskeie Turkse produkte vir invoer volgende jaar verban, daar is egter 'n paar uitsonderings.

Die Webwerf *Fruitnews.ru* rapporteer dat 'n amptelike lys deur die Regering op Nov. 30 goedgekeur is: lemoene, mandaryne, druiwe, appels, pere, appelkose, perskes, pruime, aarbeie, tamaties, uie, blomkool en komkommers word genoem. Hierdie produkte sal vanaf Jan. 1, 2016 vir invoer na Rusland verban word, onder Russiese Regeringsregulasie #1296. Ten spyte van die wye aard van die verbod, is sommige van die belangrikste Turkse produkte soos suurlemoene, pomelo's, kersies en neute soos haselneute en pistachios nie in die lys ingesluit nie. Die invoerverbod op produkte is deel van uitgebreide sanksies wat Rusland teen Turkye ingestel het na die Mediterreense land 'n Russiese militêre vliegtuig op die Siriese grens laas week afgeskiet het.

**Produsente in suider-Afrika het in hul toekoms belê deur die stigting en voortgesette befondsing van die CGA, XSIT, CRI, RIVER BIOSCIENCE, CGACC en CITRUS ACADEMY**